Ek is... Poortbode

23 Augustus 2020

Efesiërs 1:23
"Die kerk is Sy liggaam, die volheid van Hom, wat alles in almal vervul."

Prediker: Ds. Johan de Wet

Teks: Hand. 9 : 1 - 8

Tema: Die Lig van die Heilige Gees.

1. GEBEDSVERSOEKE:

Ons bid vir elkeeenvan ons lidmate wat siek is, tuis aan die herstel is, bekommerd, eensaam of hartseer is. Mag ons Hemelse Vader julle troos en vrede gee.

Kontak asseblief vir **Wendy Barnardo** om ons te laat weet indien jy graag iemand op die gebedslys wil plaas: **072 159 6777**

2. VERJAARSDAE:

Baie geluk aan elke lidmaat wat vanaf 23 - 29 Augustus verjaar. Ons bid elkeen die Here se rykste seën toe.

3. PASTORALE BESOEKE:

Lidmate is baie welkom om enige van ons twee predikante op hul selfone te skakel in die geval van nood of vir 'n afspraak.

4. EREDIENS 30 Augustus 2020:

Bespreek asseblief voor Saterdag 10:00 by 079 653 3357 om die 9:00 of 10:30 diens by te woon. Ons kom al die Covid-regulasies na.

5. NUWE LIDMATE: Nuwe lidmate is welkom om die lidmaatskapvorm op ons webwerf: **www.hartiesng.org** af te laai, in te vul en aan Angie te stuur by: **kantoor@harties ng.org** of jy kan ook die vorm by haar aanvra.

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

1. Jaco Willers: 14 Monte Vista, Gateway Manor 078 682 0973
2. Mandy Ferreira: 28 Madeleine Straat, Ifafi. 083 790 8054

Mag jul deelwees van ons geloofsgemeenskap vir julle net vreugde en seën inhou.

6. FOTO'S VAN ELKE LIDMAAT: Om ons limaatregister op te dateer, benodig ons 'n gesigsfoto (sommer met jou selfoon geneem) van elke lidmaat asseblief. Jy kan die foto stuur na: **komm@hartiesng.org** Onthou net om jou doopnaam en van by die foto te plaas, asseblief.

7. KALENDER 2021:



'n Mens kan beswaarlik glo die jaar lê byna alweer op sy rug. Ek neem die vrymoedigheid om te vra vir die ondersteuning van indiwidue of maatskappye, wat graag in ons jaarkalender @ R1000 'n advertensie wil plaas, om my asseblief per e-pos te kontak by: **komm@hartiesng.org.**

8. DANVILLE:

Baie dankie aan elke lidmaat wat steeds help dat ons 60 gesinne van ‘n kospakkie kan voorsien. Bydraes kan per EFT gedoen word, met net duidelik as verwysing: **Danville.**

9. SOSIALE MEDIA:

Like us on Facebook

Besoek gerus ons FB-blaaie:
Harties NG Kerk en
Harties NG Jeug

10. KOLLEKTE/DANKOFFERS:

Ons het tans eredienste met beperkte getalle. Indien jy egter op “Youtube” na die diens kyk en steeds graag jou kollekte of dankoffer wil bydra, kan dit of elektronies oorgedra word of met Zapper gedoen word. Baie dankie - elke bydrae help om ons maandelikse uitgawes te kan dek.

EFT

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Reknr: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: dankoffer

Zapper

Die gerieflike, veilige manier om jou maandelikse en/of weeklikse bydrae te doen. Laai die “zapper-app” op jou selfoon en skandeer net die kode hiernaas om die bydrae te maak.

11. HEILSMUUR:

Bid sonder ophou: Tess. 5: 16 - 18

Vs 16-18: "Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag."

Die krag van gebed lê nie soseer by die bidder nie; maar by ons Hemelse Vader wat gebede verhoor.

Begin jou dag aan die voete van ons Hemelse Vader, al is dit net vir ‘n paar minute. Ken Hom in al jou weë, jou voornemens. (Spreuke 3:6-7)

Here stuur ‘n engel voor my uit. Soos U met Moses gedoen het. (Eks.23:20.) "As die Here die huis nie bou nie, swoeg die wat daaraan bou te vergeefs... (Ps.127:1) U is my Herder Ps.23. Bid gedurig. Voor jy jou huis verlaat; jy ry; enige besluite neem; gaan slaap. Soms net ‘n skietgebed soos Nehemia. (Neh.2:4,6,9)

Wandel hand aan hand met God en jou dag sal voor jou oopvou soos ‘n ontluikende roos.

Dank God vir Sy weldade, liefde en genade. Bely jou swakhede. Vra vergifnis (1 Joh. 1:9)

Die Here gee antwoorde: deur Sy woord (Wandel in Sy woord) Hy spreek selfs met ons in ons drome. (Matt.1:20; 2:13; Hand.2:17) God ken ons gedagtes. (Ps.139:1-2.)

Here U is ons Rots; ons Toevlug; ons Vader en ons God. Amen.